

Inhoud Putin het die regte gesig van goddeloosheid vir die wêreld gewys: om absolute mag oor mense te hê. Hierdie preek wys hoe in goddeloosheid godsdiens as 'n komplot teen menslikheid geglo word sodat hulle in hulself absoluut kan wees, maar hulle altyd voorhou as die slagoffers.

Skriflesing 1 Samuel 22: 23, Joh. 1: 17, 18: 37 - 38

Teks Joh. 18: 37: "Hiervoor is ek gebore en en hiervoor het Ek na die wêreld gekom: om oor die waarheid te getuig."

Tema Christus se liefde is die waarheid waarin ons leef

1. Ons word deur die openbare mening in Suid Afrika onder die indruk gebring dat goddelose mense is mense wat ingestel is op vryheid, menslikheid, realisme, ingeligtheid, wetenskaplikheid, ontwikkeling, toekomsgerigtheid en slimmigheid.

Dit is hoekom mense godloos is en nie God wil eer en dien nie, want godsdiens is onderdrukkend, 'n fantasie, onmenslik, onrealisties, oningelig, agterlik, oudtyds en dom.

So word goddeloosheid in ons land as 'n nuwe mode gevier oor keur koffies en uitsoek wyne in eksotiese kuierplekkies. En toe kom wys Putin vir ons goddeloosheid se werklike gesig: goddeloosheid is die leuen wat van die waarheid 'n komplot teen die werklikheid maak. Putin maak van alles wat waar is 'n leuen en alles wat 'n leuen is die waarheid.

Dit is die ironie wat Jesus Christus as Here openbaar ook in sy verhoor deur Pontius Pilatus. Christus word ter dood veroordeel deur Pontius Pilatus as 'n terroris wat 'n komplot teen God, die Jode en die wêreld beplan het. Dit terwyl sy veroordeling juis 'n komplot van die Jode met Pilatus is teen die waarheid van wie Jesus Christus en die waarheid waarin Hy ons laat leef.

In 1 Samuel 23 word vir ons berig hoe Saul sy goddeloosheid openlik laat geld met 'n komplotteorie teen die waarheid. Met sy komplotteorie maak hy homself die absolute tiran wat die priesters van God en hulle hele families geregverdig met brute geweld uitmoor.

Hierteenoor openbaar Jesus Christus Homself as die Here wat mense verlos om vry van die leuen van goddeloosheid, in die waarheid van God se liefde te kan leef.

2. In die berig van Saul se monsterring van 'n militêre operasie teen Dawid (1 Sam. 22) word die waarskuwing van die profeet Samuel aan die volk van die Here die werklikheid. Die volk Israel wou nie meer die Here as hul koning hê nie maar wou 'n koning soos al die ander heidense nasies gehad het. Dit was hulle direkte versoek: "Stel dan nou vir ons 'n koning aan om ons te rig, soos dit by al die nasies is." (1 Sam. 5)

Hulle het bedoel wat hulle gevra het. Hulle wou nes al die ander nasies in die Ooste 'n absolute vors gehad het. Hierdie absolute vorste het as God, met die krag en mag van God, so het hulle geglo, oor die nasie regeer. Sy planne was die gode se drome. Sy wil was God se wil. Sy wens was die bedoeling van God vir mense se lewe. Sy opdragte was die wet van God. Sy lewe was God wat met die nasie was. Sy woede was God se wraak. Sy geweld teen alles wat hom opponeer was God se geregtigheid. Alles wat hy doen is God se wysheid. En daarom is hy bo alle aanspreeklikheid en verantwoording teenoor mense verhewe. Die keuse om só 'n tipe koning te wou gehad het, was 'n verwerping dat net God as God oor hulle regeer, nie 'n mens nie. (1 Sam. 8:6)

'n Absolute vors bemagtig die verswakke, weerlose en vervalte volk en gee vir Israel weer 'n toekoms tussen die nasies! Só het Israel geglo en só koning wou hulle gehad het. Hulle wou nie 'n dienaar van God as koning gehad het nie. Samuel se waarskuwing was dat hulle sou kry wat hulle in geglo het en wat hulle wou gehad het met hierdie woorde: "Julle beste landerye, wingerde en olyfbome sal hy vat en aan sy amptenare gee. ... Julle slawe en slavinne, die keur van julle jongmanne en donkies sal hy vat en vir sy eie werk gebruik. Julle self sal sy slawe wees. Julle sal op daardie dag om hulp roep oor julle koning wat julle verkies het, maar die Here sal julle op daardie dag nie verhoor nie." (1 Sam. 8: 14 – 18)

3. In 1 Sam. 22 kry ons nou die volk Israel se waarheidsoomblik: hier is die koning wie hulle as absolute vors wou gehad het. Hierdie is die dag waarop Israel sien wie en wat is die koning wie wou gehad het! Hierdie is die dag waarop hulle God sal aanroep om hulp, maar God hulle nie sal verhoor nie. (1 Sam. 8: 180)

Saul beskuldig sy eie militêre leiers van 'n komplot teen hom as koning met die woorde: "Want julle smee almal 'n komplot teen my, en niemand lig my in wanneer my seun met die seun van Isai 'n ooreenkoms sluit nie; ja, niemand van julle het simpatie met my en maak dit aan my bekend dat my eie seun my dienaar teen my laat ontstaan nie, om my voor te lê soos dit op die oomblik is." (1 Sam. 22: 8)

'n Komplotteorie – almal is teen my! Dit is die karakter van alle komplotteorieë – die hele wêreld is teen my! Absolute vorste dink totalitêr: dit is of alles of niks! Of almal is vir my of almal is teen my. Daar kan nie iets wees soos mense wat die reg het om met my te verskil nie. Wie verskil, is besig om 'n komplot te smee en 'n komplot geheim te hou. Daar is ook nie iets soos verhoudings wat niks met die mag van die koning te doen het nie. Alles is of vir of teen die mag van die koning.

Daarom verklaar Saul dat sy eie seun Jonathan hoogverraad teen die staat gepleeg het. Hoe? Deur 'n vriendskap met Dawid te hê. Dawid en Jonathan het in mekaar geloofsgenote gevind wat dieselfde liefde, moed, dapperheid, dryfkrag, nederigheid en diensbaarheid teenoor God het. Saul verklaar hierdie geloofsgemeenskap en vriendskap as hoogverraad teen die staat. Dit is Saul se waarheid! Sy eie seun verdien die doodstraf vir sy vriendskap met Dawid.

Alles of niks! Vir of teen my! Met sy sug na absolute mag verklaar Saul dat sy eie militêre bevelvoerders deel van hierdie komplot is omdat hulle nie sy seun se beplande staatsgreep saam met Dawid aan hom bekend gemaak het nie.

4. Die waarheid is egter dat daar geen beplande staatsgreep teen Saul se koningskap deur sy seun en Dawid is nie. Hulle vriendskap gaan juis daarvoor om mekaar te ondersteun en by te staan in Saul se plan om Dawid te vermoor al het Dawid niks verkeerd gedoen of enige opstand teen Saul ondersteun of aangehits nie.

Die waarheid wys in die absurde verklaring dat Dawid om Saul iewers met 'n lokval voor te lê om Saul dood te maak. Die waarheid is dat Dawid wegkruip en Saul hier praat met sy weermag wat hy opgeroep het vir 'n hakkejag-operasie teen Dawid om hom dood te maak. Saul maak van die waarheid dat Dawid 'n voortvlugtige is voor Saul se moordplanne 'n komplotteorie waarin Saul kamstig die gevaar loop om in 'n lokval dood gemaak te word.

En al Saul se militêre bevelvoerders bly tjoepstil teen hierdie opgemaakte beskuldiging dat hulle deel van die komplot is. Die rede daarvoor is die dreigement wat Saul teen hulle gemaak het met hierdie woorde: "Luister, Benjaminiete! Gaan die seun van Isai ook vir julle almal landerye en wingerde gee, julle aanstel as aanvoerders van duisende en aanvoerders van honderde." (1 Sam. 22: 7)

Waarmee was Saul nog die hele tyd in sy regering mee besig? In ons taal met onwettige grondeise en kaderontplooiing. Dit is wat absolute vorste doen om absolute mag oor 'n land en volk te kry. Hulle onteien burgers en gee hierdie gesteelde grond vir mense wat dan deel van die kleptokrasie is. Hulle vorm nou 'n overheid wat saam steel en saam kriminele is. Voor Saul staan die kaders van die kaderontplooiing. Hy wys hulle daarop dat hulle nie hul poste verdien nie, want sou Dawid koning wees sal hulle nie begunstig word met regeringsaanstellings nie.

Daarmee gee Saul Dawid gelyk as 'n regverdige mens wat regverdig sal regeer en nie mense sal inkoop in die absolute mag van die koning nie.

Wat noem Saul hierdie bedreiging van sy absolute mag deur die regverdigheid van Dawid? 'n Komplot! Dawid het nie deel van Saul se kleptokrasie geword nie, al hy Saul hom as militêre leier aangestel en sy dogter vir hom as vrou gegee. So wie is met 'n komplot besig? Saul wat mense met gesteelde grond verryk en mense wat nie omgee oor geregtigheid aanstel in magsposisies, net om sy eie absolute mag te versterk, of Dawid wat gevrees word vir sy regverdigheid?

Saul maak van Dawid se regverdigheid 'n komplot teen sy regering! En al sy amptenare bly tjoepstil want hulle is deel van Saul se komplot om 'n absolute vors te wees.

5. Dit is Doëg, die Edomiet, 'n nie-Israeliet en ongelowige wat vir Saul gee wat Saul voor vra. Saul vra feite wat sy komplotteorie as die waarheid bewys en dit is wat Doëg vir Saul gee – die feite van Dawid se komplot teen Saul!

In die vorige hoofstuk het Dawid inderhaas en verward uit Gibeá, die dorp van die koning weg gevlug vir sy lewe, sonder enige kos of wapens. 'n Klein entjie van Gibeá was die dorpie Nob waar die altaar van die Here gestaan het met 'n hele priestergemeenskap. Dit was eintlik 'n priesterdorpie. Dawid het vir die priester kos gevra en toe 'n wapen vir selfverdediging. Dawid wou die priesters nie by hierdie

magstryd van die koning betrek nie en het voorgegee dat hy namens Saul op 'n geheime staatsending is. Agimeleg het vir Dawid toe sommer van die brode in die tempel en sy eie swaard wat hy van Goliath afgeneem het, wat hulle nog beveilig het, gegee. Agimeleg het dit gedoen om Saul te help.

Doëg se feite van die komplot wat hy self sou gesien het klink só: Agimeleg het teen Saul kant gekies en namens God vir Dawid raad gegee hoe om Saul om ver tewerp; Agimeleg het die rebellemag van Dawid kos gegee sodat hulle van Saul kon wegvlug en Agimeleg het Dawid die swaard van Goliath gegee as simbool dat God aan sy kant en teen Saul is. Elke "feit" is 'n leuen wat Saul se konplotteorie bevestig. 6. Dan doen Saul wat elke absolute vors nog oor al die eeue gedoen het. Hy maak van die hof van die land 'n politieke wapen teen opposisie. Verse 11 – 17 is 'n formele hofsitting waarin Saul nie net die oppergesag is nie, maar ook die opperreg, die konstitusionele hof, beklee! Hy daag net net die sogenaamde oortreder voor die hof nie, maar elke priester van die Here in die dorp Nob, 85 wat in totaal voor hom verskyn.

Hulle verskyn in die hoogste hof op die klag van hoogverraad – 'n komplot teen die koning! Die feite van die klag is Doëg se feite: Die priesters het God se plan teen Saul aan Dawid bekend gemaak; sy terroristegroep gevoed en hom die simbool van oorwinning teen Saul gegee – Goliath se swaard.

Met hierdie hofsitting breek Saul met die Here self en sy geloof in Here, en verklaar hy die Here as sy vyand in die doodsvonnis: "Maak die priesters van die Here dood!"

Wat het hulle gedoen wat die doodsvonnis verdien het? Die enigste een wat die waarheid praat in hierdie hele insident, is die priester Agimeleg. Alles wat hy sê is feitelik die waarheid: niemand van hulle het van die skeuring tussen Saul en Dawid geweet nie, Dawid was nog altyd lojaal en betroubaar teenoor Saul en as priester het hy nie 'n plan van God vir Saul se omverwerping gegee nie. Hy het net gedoen wat hy nog al die jare vir Dawid gedoen het: die Here oor sy toekoms geraadpleeg. En dan doen hy 'n regsberoep op die koning as regter – hy moet nie van hierdie insident 'n politieke saak maak waarin hy almal betrek nie. Hy kan hoogstens vir Agimeleg persoonlik aanspreeklik hou vir die beskuldiging van 'n komplot!

7. Wat maak Saul van die waarheid wat Agimeleg praat?

Hy maak verklaar die waarheid 'n leuen wat sy konplotteorie bevestig. Saul se woede oor die waarheid is teen God. Hy glo God is teen hom en het hom by Dawid geskaar met planne hoe om Saul omver te gooi – Agimeleg het God só vir Dawid geraadpleeg.

Met die doodsvonnis maak Saul homself God teenoor God! Dit klink so: "Jy moet beslis sterf. Agimeleg, jy en jou hele familie" (22: 16) en word só uitgevoer: "Hy (Doëg) Nog, die dorp van die priesters, met die skerpte van die swaard verslaan: van man tot vrou, kinders tot suigeling; beeste, donkies en skape – alles met die skerpte van die swaard."

Hierdie is nie sommer net impulsiewe onbegrensde woede nie. Dit is die uitspreek en uitvoer van die banvloek van God. In 1 Sam. 14: 2 en 3 het God Saul beveel om

die banvloek oor die Amalekiete uit te voer: “Julle moet alles wat aan hulle behoort met die banvloek tref. Julle mag nie met hulle medelye hê nie. Jy moet man en vrou, kind en suigeling, bees en skaap, kameel en donkie doodmaak.” Saul het van God se banvloek sy persoonlike plundertog gemaak wat hom en sy troepe verryk het met die voorwendsel dat hulle van die plundertog se roof vir God offers sal bring. (1 Sam. 15: 13 – 15) Die eerste teken wat gewys het dat Saul God se vloek as sy eie mag gesien het, was toe hy God se vloek oor sy eie troep uitgespreek het om te vas terwyl hulle oorlog maak. (1 Sam. 14: 24)

Hierdie minagting van God word nou hier absoluut: Saul wat van die Here se banvloek oor die Amalekiete sy persoonlike plundertog gemaak het, tref nou God se priesters met die banvloek van God – want God is deel van die komplot teen hom! Nou is Saul die absolute vors wat teenoor God en almal totalitêr regeer – hy is nou God self wat hulle wat hom teengaan met God se banvloek tref.

Wie is die komplotleier in Saul se komplotteorie? Nou is dit God self! Die waarheid van God is dat Hy self Saul gesalf het tot koning, maar dat Saul van die begin af God as net nog 'n afgod gesien het: daarom kon hy homself sommer gou-gou self die priester maak wat offers bring om sy mag oor sy troep te behou (1 Sam. 13: 9), vas tot eer van God, sy eie godsdienstige militêre reëling maak (1 Sam. 1:14), sy eie seun aan God wou offer om sy ligsinnigheid met God vroom te laat lyk (1 Sam. 14: 55), God se ark vir waarsêery gebruik (1 Sam. 14: 18) terwyl hy nie met die vertroue van sy seun en Dawid in God kon optree nie. Daarom het God Saul as koning verwerp en Dawid as koning gesalf!

Met hierdie banvloek oor die Here se priesters maak Saul homself God in God se plek en wys so sy eie goddeloosheid waarmee hy nog die hele tyd eiemagtig en eiegeregtig 'n absolute vors wou wees. Hoe? Deur weerlose priesters en hulle gesinne met geweld uit te wis!

8. Wie is die slagoffer en martelaar in hierdie gebeurtenisse?

Die Woord van die Here gee vir ons die diepste insig in die gemoed van 'n goddelose se absolute mag en die geweld waarmee hy sy absolute mag laat geld.

In Saul se geveinsde selfbejammering teenoor sy militêre leiers hoor ons wie glo hy is die regte slagoffer en martelaar: “niemand van julle het simpatie met my nie.” (22: 8) Hy soek simpatie vir 'n gewaande komplot teen hom terwyl hy 'n militêre hakkejag met sy hele weermag uitvoer om Dawid as onskuldige wederregtelik dood te maak. Hy glo Dawid kry sy verdien loon, terwyl hy wat de geweld pleeg die slagoffer en martelaar is.

Hy soek simpatie by sy amptenare wat wie se guns hy gekoop het met plase wat hy van die burgery gesteel het. Hy beskuldig hulle sonder rede van hoogverraad, wat die doodstraf behels. Hy wat hulle onskuldig wil doodmaak moet simpatie kry, maar hulle wat onskuldig met die dood gedreig word, kry net hulle verdiende loon. Sô glo Saul.

Net sô sou Saul na hy die hele onskuldige priesterdorp, man, vrou, kind en diere, met geweld uitgemoor het geglo het hulle het hulle verdiende loon gekry, maar hy

moet die simpatie kry dat almal teen hom is. Hy wat moor is die slagoffer en martelaar.

Saul maak van God 'n afgod, en minag God en misbruik God se Naam só, en draai dan teen God omdat God kamstig Dawid in sy komplot ondersteun. Dit doen Saul in die geloof dat God nou kry wat Hy verdien terwyl hyself God se slagoffer is.

Waarvoor soek Saul in werklikheid simpatie? Vir sy konplotteorie! Hy wil simpatie hê – vir sy geloof dat die waarheid van God en die lewe 'n persoonlike komplot teen hom is. Goddeloosheid is woede teen die waarheid van God en die lewe. Dit is nie kunssinnige slimheid nie.

9. Hoekom soek Saul simpatie?

Hy is die gewelddoener, nie hulle wat hy geweld aandoen nie! Die verspotheid van die Westerse gemeenskap se eie goddeloosheid wys in hoe hulle Putin se sinlose geweld probeer verklaar: Putin het 'n wrede pa en afsydige ma gehad, Putin is 'n narcis. Hy is bi-polêr. Hy lei aan PTS na die ineenstorting van die Sowjet Unie. Hy is die produk van 'n onderdrukkende regime!

Dit is absurd om die geweld van goddeloosheid só te rasionaliseer. Hy soek simpatie om die absolute vrees te kan wees: eie magtig, eiegeregtig, sonder enige aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir die ellende van sy magslus, maar geëerd vir sy alwysheid, goedheid, en geregtigheid, net soos God. Hy soek simpatie as martelaar sodat hy gesterk kan wees in sy goddeloosheid: die waarheid van god en die lewe is 'n komplot teen sy reg om 'n absolute vrees te mag wees.

Toets maar Putin se goddeloosheid wat dag vir dag in media-beelde voor ons afspeel! Sy geweld teen onskuldiges is hulle verdienende loon, mense moet weerloos wees teen sy geweld, terwyl hy homself voorhou as slagoffer van 'n komplot terwyl hy net wys, goed en regverdig sy eie mense lei. Dit is die gemoed van elke goddelose, nie net Putin nie. So verniel dronk mans elke dag hul vroue en kinders met geweld, en glo hulle kry hul verdienende loon en hy soek simpatie. Só verwaarloos 'n selfgesentreerde ma haar kinders en verniel goddelose kinders hulle ouers: hulle wie geweld pleeg is die slagoffers terwyl dié wat geweld aangedoen word, kry hul regverdigende straf!

Teenoor hierdie goddeloosheid verklaar Jesus Christus teenoor Pontius Pilatus: Hiervoor is Ek gebore en het Ek na die wêreld toe gekom, om oor die waarheid getuie af te lê!

10. Christus as Persoon en sy geboorte, lyding, sterwe en opstanding is die waarheid oor God en die lewe. Die waarheid dat God sy eie Seun gegee het as offer vir die wêreld se sonde sodat mense vir ewig met God in God se liefde kan leef. (Joh. 3: 16)

Om in God se genade en liefde te leef is die waarheid! Dit is die waarheid oor ons en ons sonde, die waarheid dat God genade op genade gee vir sondes wat ons oor en oor mee sukkel en dit is die waarheid dat die lewe 'n lewe met God in sy liefde is, vir ewig. (Joh. 1: 16)

Hoekom lewer Pilatus Jesus aan die Jode oor om Hom te kruisig?

Dit na hy Jesus se onskuld bevestig het! Hy smee saam met die Jode 'n politieke-godsdienstige komplot teen die waarheid van God!

Pilatus kry politieke guns en punte en die Jode kry godsdienstige mag om die Christus onskuldig dood te maak. Dit is hoekom Pilatus sinies-minagend vir Jesus retories vra: "Wat is waarheid?" Daarmee bedoel Pilatus brute goddelose mag is sy eie waarheid! Wie geweld pleeg met absolute mag, maak die waarheid op vir hulle absolute mag en geweld.

Maar Christus is nie die slagoffer van hulle komplot teen die waarheid nie. God gebruik Pilatus en die Jode se komplot om Jesus die Christus te maak sodat sondaars in God se liefde kan leef. Só bevry God ons van goddeloses se geloof dat God en die lewe 'n komplot teen die mensdom is. Só verlos God ons uit hulle leuen waarin ons die waarheid oor God en lewe glo as mense se komplot teen ons vryheid en mag. Só sal ons nooit glo dat die geweld van goddeloses teen ons, is ons verdiende loon terwyl ons met hulle moet simpatiseer nie! Dwarsdeur die komplot mentaliteit van goddeloses sal God ons in die waarheid vashou.

Kom ons leef in die waarheid van God se liefde vir ons, met God vir ewig. Kom ons verwerp die komplot mentaliteit van goddeloses teen God en die lewe. Kon ons glo in Jesus Christus die Here.